


The SOUTHERN AFRICAN DIVISION OUTLOOK



VOLUME XXXIII

KENILWORTH, CAPE, JUNE 1, 1935
(Registered at the General Post Office as a Newspaper)

NUMBER 10

DIVERSE talents have been entrusted by our heavenly Father to diverse persons, but one talent is common to all: the talent of time. "Our time belongs to God. Every moment is His, and we are under the most solemn obligation to improve it to His glory. Of no talent He has given will He require a more strict account than of our time."—*Christ's Object Lessons*, page 345.

God has given us time to build a character for eternity. "The man who appreciates time as his working day will fit himself for a mansion and for a life that is immortal. It is well that he was born." *Ibid.* Another has said, "Time, indeed, is a sacred gift, and each day is a little life."

"The children of this world are in their generation wiser than the children of light," and the way in which they use their time to profit is a silent rebuke to Christians. Mr. M. Morlot, the distinguished archeologist, had an income of only £100 a year, a part of which he spent in making a small museum. On being asked whether he contemplated accepting any post or office with a good income, he replied that he would not waste his time in making money. With business men, time is money, but really *time is life*; yet many who would cling desperately to life, think nothing of wasting time. Says the German poet, Schiller:

"The moments we forego
Eternity itself cannot retrieve."

And John Milton wrote, "The misspents of every minute are a new record against us in heaven."

The Christian world is asleep while precious time, every moment of which is "freighted with eternal consequences," is flying past. "Now it is high time to wake out of sleep, for now is our salvation nearer than when we believed." We often say that time flies, but it is not so much that time flies, as that we do not make the right use of it, and time wasted is worse than no time at all. Said one, "I wasted time, and now doth time waste me."

Strange it is how some people squander their time and then complain that they

The Value of Time

J. J. B. COMBRINCK

have no time, no time for Bible study and prayer, no time for home missionary work, no time for self-improvement. "Upon the right improvement of our time depends our success in acquiring knowledge and mental culture. . . . A few moments here and a few there, that might be frittered away in aimless talk; the morning hours so often wasted in bed; the time spent in travelling on trams or railway cars, or waiting at the station; the moments of waiting for meals, waiting for those who are tardy in keeping an appointment,—if a book were kept at hand, and these fragments of time were improved in study, reading, or careful thought, what might not be accomplished."—*Christ's Object Lessons*, page 347.

Our squandered time is lost to the cause of God; we could have talked to others of God's love, distributed tracts, done better in Harvest Ingathering, or drawn some soul nearer to God, had we not ignored the opportunities that God gives us. Lord Chesterfield once said, "Every moment you now lose, is so much character and advantage lost. As on the other hand, every moment you now employ usefully, is so much time wisely laid out at prodigious interest."

The counsel of the wise man is apt, "Whatsoever thy hand findeth to do, do it with thy might." We ought to have a definite aim in all we do. We must budget our time for a given task and then bend every effort to finish it in that given time. Shakespeare said, "Time travels in diverse paces with diverse persons. I'll tell you who time ambles withal, who time trots withal, who time gallops withal, and who he stands still withal." It was Seneca who said, "There are some hours which are taken from us, some which are stolen from us, and some which slip from us." Idle people complain that they have no time

to do what they wish to do. It is not the time but the will that is wanting. The Turks have a proverb that the devil tempts the busy man, but the idle man tempts the devil.

When David was idle he fell to the temptations of the evil one. To be idle is not to the glory of God (1 Cor. 10:31) and the mind of the idler preys upon itself. Martin Luther realised that we ought to use our time to the fullest extent in the service of God and of mankind, when he wrote, "The human heart is like a millstone in a mill; when you put wheat under it, it turns and grinds and bruises the wheat to flour; if you put no wheat it still grinds on—and grinds itself away."

This idleness was the iniquity of Sodom (Eze. 16:49). Usually this habit is formed in childhood when parents have a wrong conception of pity for their children. "Parents should teach their children the value and right use of time. Teach them that to do something which will honour God and bless humanity is worth striving for. Even in their early years they can be missionaries for God. Parents cannot commit a greater sin than by allowing their children to have nothing to do."—*Christ's Object Lessons*, page 349.

"The night is far spent, the day is at hand: let us therefore cast off the works of darkness and let us put on the armour of light." The church of God, every individual Christian ought to be wide awake, "knowing the time" that

"The work that centuries might have done
Must crowd the hour of setting sun."

"See then that ye walk circumspectly, not as fools, but as wise, redeeming the time, because the days are evil." "The value of time is beyond computation. Christ regarded every moment as precious, and it is thus that we should regard it. . . . But time squandered can never be recovered. We cannot call back even one moment. The only way in which we can redeem our time is by making the most of that which remains, by being co-workers with God in His great plan of redemption."—*Christ's Object Lessons*, page 346.

TITHE BULLETIN No. 12

Tithing as a Test of Character

"The supreme purpose of the tithe is to develop character and test our loyalty to God. The payment of the tithe when there is no compulsion and pressure brought to bear, when it is a matter of a clear conscience between yourself and God, will develop in you sterling qualities that will make you worth while in the kingdom."

"The Bible designates two sources of revenue—tithes and freewill offerings. The tithe is the Lord's, whether we *keep it or pay it to Him*, not because He needs it in His business, but because *it is dishonest to keep what does not belong to us.*"

"The tithe is our just debt to God, and should be paid promptly and cheerfully, like any other debt. God has no need of our money (seeing all is His), but He requires His share just to remind us that we are in partnership with Him. Just as the tribute money paid to Caesar was recognition of his authority, so the tithe is the recognition of God's interest in every shilling we receive."—"Tithing," tract compiled by C. Vernon Fox, M.D., page 4. Chicago: The Methodist Book Concern. Quoted in the "Source Book," page 557, Published by the Review and Herald Publishing Association, 1919.

TO THOSE WHO WOULD KNOW GOD'S WILL

"Those who are honestly enquiring what God requires of them in regard to the property they claim as their own should search the Old and New Testament Scriptures, and see what Christ, the invisible Leader of Israel in their long wilderness journey, directed His people to do in this respect. We should individually be willing to be put to any inconvenience, to be brought into any straits, rather than rob God of the portion that should come into His house. Those who are Bible readers and Bible believers will have an intelligent knowledge of 'What saith the Lord in this matter.'—"Messages to Young People," page 307.

THE INTENTION OF THE TITHING SYSTEM

"The system of tithes and offerings was intended to impress the minds of men with a *great truth*,—that God is the source of every blessing to His creatures, and that to Him man's gratitude is due for the good gifts of His providence."—"Patriarchs and Prophets," page 525.

This being true then, may the Lord help us to measure up to the test of character He has placed upon us individually; may He help us to know His divine will more fully in this matter, and then we shall be impressed as we should be with our solemn responsibility in returning to the Lord a faithful tithe.

Prepared by J. F. Wright.

Publishing Dept.

F. E. Potter, Secretary

Signs of Signs Circulation

J. HUDSON STOCKIL

A WHEEZY snort brought a Rhodesian "mixed mail" to a standstill at an out of the way siding. Above the babble of native voices from the usual crowd beside the front coaches, could be heard a conversation from a few doors down the corridor.

"It says here," a quiet and pleasant voice remarked, "that the advance of science is a sign of the end."

"Where is the paper published?" inquired a second and somewhat more youthful-sounding voice.—A rustle of paper, a short silence—then,

"Kenilworth, Cape."

A definitely anaemic whistle followed by much jerking and clanging started us off again. Not long after, I was seated in the neighbouring compartment engaged in earnest conversation with a miner, a Protestant minister and a merchant. It appeared that a copy of the *Signs* had found its way into Portuguese East Africa and had been given to the travelling miner by a game hunter. After provoking much healthy inquiry and discussion in a railway carriage it is now being used by the Protestant minister in a series of revival meetings being held in a small country village.

The influence of these papers circulated purposely, casually and accidentally goes on. Once released, copies of the *Signs* continue on their mission of carrying a message of cheer, hope, or warning to those in centres of civilisation or isolation. Experiences such as that related above, make one feel that perhaps the *Signs* campaigns are worth while after all.

A Letter From America

I. B. BURTON

In a letter from one of our dear sisters in the States received in the mail today, is an experience which I enjoyed so much that I am passing it on.

She says, "Perhaps you would like to learn, that we have a sister here in our community who came from Johannesburg, Africa, some years ago, a dear soul and we love her. How she became a member of our faith is most interesting. In Johannesburg, a copy of *Present Truth* was handed to her by one of our colporteurs—she was a school teacher by profession. Drinking in the truth of that paper, she preserved it in her heart in a remarkable way until she came to this country. This school teacher had a sister living in England. Earnestly desiring to see her some day, she saved enough money to make the voyage. She persuaded a friend of hers to go with her. On their way back to Africa, they went through France. In Paris she met an American business man, got acquainted with him, was married to him, and came to this country, settling down in Albany. Some time later she again received a copy of *Present Truth*. Asking the distributor some questions she learned that some of our leading men were holding meetings in the church. She came to listen night after night and finally accepted the message, was baptised and is now one of our faithful members in the Albany, N. Y., church."

Brethren and sisters, who can estimate the value of our colporteur work? Who can estimate the reward of the faithful men and women who go out day after day distributing the blessed pages of truth in the highways and by-ways of earth. Sometimes down here the work goes hard and encouragements are few; but in that blessed time that's coming, I believe that many a time as the faithful colporteur walks down the streets of gold in the city of God he will be stopped by one of the redeemed with the words, "Praise the Lord, brother, I am here today because of the message of life I got from the book you brought to my door." I wonder brethren and sisters when, in that glad day, you taste the joys of such experiences if you won't say from the depths of your hearts, "Thank the Lord for the part He gave me in the colporteur work"?

✻ ✻

COURAGE isn't the last resort
In the work of life or the game of sport:
It isn't a thing that a man can call
At some future time when he's apt to fall.
If he hasn't it now, he will have it not
When the strain is great and the pace is hot;

For who would strive for a distant goal,
Must always have courage within his soul.

—Edgar A. Guest.

✻ ✻

"Now is a good time to use our faith in God's promises."

Die Waarde van Tyd

J. J. B. COMBRINCK

ONSE hemelse Vader het verskillende talente aan verskillende persone toevertrou, maar een talent besit almal: die talent van tyd. „Ons tyd behoort aan God. Elke oomblik is Syne, en dit is ons heilige plig om dit te gebruik tot Sy heerlikheid. Van geen talent wat Hy gegee het sal Hy strenger rekenskap eis as van ons tyd nie.”—*„Christ's Object Lessons,”* bls. 345.

God het ons tyd gegee om 'n karakter vir die ewigheid te bou. „Die man wat besef dat tyd sy werkskof is, sal homself voorberei vir 'n woning omhoog en 'n lewe wat onsterflik is. Dit is vir hom goed dat hy gebore was.”—*Ibid.* 'n Ander het gesê, „Tyd is voorwaar 'n goddelike gawe en elke dag is 'n korte leeftyd.”

„Die kinders van hierdie wêreld is verstandiger teenoor hulle geslag as die kinders van die lig,” en die voordelige manier waarop hulle hul tyd bestee is 'n stille te-regwysing vir Christene. Mnr. M. Morlot, die beroemde argoloog, se inkomste was maar £100 per jaar, en hy het 'n deel daarvan bestee aan 'n klein museum. Toe iemand hom vra of hy voornemens was om 'n betrekking aan te neem waaraan 'n goeie inkomste verbonde was, het hy geantwoord dat hy nie sy tyd kon verkwis met geldmaak nie. Vir 'n sakeman beteken tyd, geld, maar in der waarheid is tyd, lewe; nogtans verkwis baie mense hul tyd hoewel hulle die lewe lief het.

Die Duitse digter Schiller sê:

„Die oomblikke wat ons verkwis

Vind ons selfs in d' ewigheid nie weer.”

En John Milton het geskrywe, „Elke oomblik wat ons nie reg bestee nie, getuig teen ons in die hemel.”

Christene slaap terwyl kostelike tyd verbysnel waarvan elke oomblik „swanger is van ewige gevolge.” „Dit is hoog tyd om uit die slaap wakker te word; want die verlossing is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het.” Ons sê dikwels dat die tyd vlie, maar dit is nie so seer dat tyd vlie as dat ons nie die regte gebruik daarvan maak nie, en verlore tyd is erger as geen tyd. Iemand het gesê, „Ek het die tyd vermors en nou vermors die tyd my.”

Dit is snaaks hoe sommige mense hul tyd verkwis en dan klae dat hulle geen tyd het nie; geen tyd vir Bybelstudie en gebed nie, geen tyd vir buurtsendingwerk nie, geen tyd vir self-ontwikkeling nie. „Van die regte gebruik van ons tyd hang ons sukses af wat betref die uitbreiding van ons kennis en ons geestesontwikkeling. . . . 'n Paar oomblikke hier en 'n paar daar wat gewoonlik verspil word met onnodige praatjies; die more-ure wat so dikwels in die bed deurgebring word; die tyd wat ons op trems en treine moet derbring, of wanneer ons moet wag op die stasie; die oomblikke wat ons moet wag op maaltye, of wag op diegene wat laat kom vir bestellings,—as ons 'n boek byderhand hou en hierdie brokkies tyd bestee aan studie, lees,

en nadenking, wat sal ons nie tot stand kan bring nie.”—*„Christ's Object Lessons,”* bls. 347.

Die tyd wat ons verkwis, is verlore vir die saak van God; ons kon iemand vertel het van die liefde van God, traktaatjies uitgegee het, meer tyd bestee het aan Oesinsameling, of 'n siel nader aan God gebring het, as ons nie die kans wat God ons gegee het, verontagsaam het nie. Lord Chesterfield het eenmaal gesê, „Elke oomblik wat u nou verloor, is soveel karakter en voordeel verlore. Aan die ander kant is elke oomblik wat u nou reg bestee, soveel tyd belê teen ontsaglike rente.”

Laat ons agslaan op die vermaning van Salomo, „Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag” Ons behoort 'n doel te hê in alles wat ons doen. Ons moet onself 'n sekere tyd toelaat vir 'n taak en dan al ons kragte inspan om dit binne daardie tyd klaar te maak. Shakespeare sê, „Die tyd gaan verskillende pisse met verskillende persone. Ek sal u sê met wie die tyd trippel, met wie hy draf, met wie hy gallop, en met wie hy stilstaan.” Dit is Seneca wat gesê het, „Daar is som-

mige ure wat van ons geneem word, sommige wat van ons gesteel word, en sommige wat ons ontglip.” Ledige mense klae dat hulle nie tyd het om te doen wat hulle verlang om te doen nie. Dit is nie so seer die tyd as die wilskrag wat ontbreek nie. Die Turke het 'n spreekwoord wat lui, „Die duiwel trag om 'n besige man te verlei, maar 'n ledige man verlei die duiwel.”

Toe Dawid ledig was, het hy gehoor gegee aan die versoeking van die bose. Ledigheid verheerlik God nie (1 Kor. 10:31) en die verstand wat nie besig gehou word nie, word sy eie prooi. Martin Luther het besef dat ons ons tyd ten volle aan God en ons medemens moet wy, toe hy geskrywe het, „Die menslike hart is soos 'n meulsteen in 'n meul; as 'n mens koring daaronder sit, dan draai dit en maal die koring tot meel; as 'n mens geen koring daaronder sit nie, maal dit tog voort—en slyt die steen uit.”

Ledigheid was die sonde van Sodom. (Ese. 16:49.) Gewoonlik word hierdie slegte gewoonte gedurende die kinderjare

(*Vervolg op bladsy 4*)

TIENDE BULLETIN, No. 12

Die Betaling van Tiendes as Karaktertoets

„Die hoofdoel met die betaling van tiendes is om ons karakters te ontwikkel en ons getrouheid aan God te toets. Die betaling van tiendes as 'n gewetensaak tussen u en God—sonder dat u daartoe gedwing word, sal eienskappe in u ontwikkel wat u 'n aanwys vir die koninkryk sal maak.

„Die Bybel noem twee bronne van inkomste—n.l. tiendes en offergawes. Die tiendes behoort aan die Here of ons dit nou betaal of nie, nie omdat Hy dit nodig het nie, maar omdat dit oneerlik is om te hou wat nie aan ons behoort nie.

„Ons skuld die tiende eerlik aan God, en soos enige ander skuld behoort ons dit dadelik en blymoedig te betaal. God het nie ons geld nodig nie—aangesien alles aan Hom behoort, maar Hy verwag Sy deel net om ons daaraan te herinner dat ons in 'n vernootskap met Hom is. Net soos die belasting wat aan die Keiser betaal was 'n erkenning van sy gesag was, so is die betaling van ons tiendes ook 'n erkenning van die reg van God tot 'n deel van elke sjieling wat in ons besit kom.”—*Uit 'n traktaat oor die „Tiende” opgestel deur C. Vernon Fox, M.D. bls. 4. Chicago: The Methodist Book Concern. Aangehaal in die „Source Book,” bls. 577. Uitgegegee deur die Review and Herald Publishing Association, 1919.*

AAN DIEGENE WAT GRAAG GODS WIL WIL VERSTAAN

„Diegene wat eerlik navraag doen ten einde te wete te kom wat God van hulle verlang ten opsigte van hulle goed, behoort die Ou en Nuwe Testamente te ondersoek om te sien wat Christus, die onsigbare Leier van Israel, van Sy volk in hul lang reis deur die woestyn verlang het. Ons behoort gewillig te wees om enige ontbering en ongerief te verduur, eerder as om God te beroof van die deel wat ons in Sy huis behoort te bring. Diegene wat die Bybel lees en glo, sal goed weet wat die Here in hierdie saak verlang.”—*„Messages to Young People” bls. 307.*

DIE DOEL MET DIE TIENDE STELSEL

„Die stelsel van tiendes en offergawes was bereken om 'n groot waarheid aan die hart van die mens te bring, n.l. dat God die bron van alle seën is, en dat die mens aan Hom dankbaarheid verskuldig is vir Sy liefdegawes.”—*„Patriarchs and Prophets,” bls. 525.*

As dit dan waar is, mag die Here ons help om die peil te bereik wat Hy vir elkeen van ons gestel het; mag Hy ons help om beter te besef wat Hy in hierdie opsig verlang, en dan sal ons die ernstige verantwoordelikheid besef om getrou te wees in die betaling van ons tiendes.

Opgestel deur J. F. Wright.

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON _____ Editor
MRS. J. L. MILFORD _____ Asst. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS
J. F. Wright _____ President.
A. E. Nelson _____ Treas. and Auditor
M. P. Robison _____ Secy. and Ed. Secy.
L. L. Moffitt _____ M. V. Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge _____ Medical Secy.
F. E. Potter _____ H. M. and Field Miss. Secy.
I. I. Robison _____ Religious Liberty Secy.

Helderberg New Notes

F. J. ODENDAAL of Pretoria enrolled on May 5.

MRS. M. P. ROBISON spent a week visiting Mr. and Mrs. Marais recently.

MRS. LE BUTT and Winifred enjoyed a few days' visit at the college.

A STUDY and Service League consisting of fourteen members was organised recently.

THE college disposed of six cows last week to one buyer. College Jerseys are in good demand.

MORE than fifty members of the Senior Missionary Volunteer Society are studying for the various pins. About half of the number are Friends.

A BAPTISMAL class of over twenty members was organised recently. This class meets regularly every Friday evening for doctrinal study and instruction.

MISS GRIETJIE ALKEMA of Ermelo was called home unexpectedly a few weeks ago. We are sorry to hear that her father has since passed away. Grietjie returned to school a few days ago.

MRS. FINN who is now living at Nongoma, Zululand, paid a short visit to the college recently. She has taken Dorothy with her. We are sorry that for health reasons Dorothy has had to withdraw for a time.

MAY 6 was observed as a holiday at the college. During the day the students enjoyed outings in various directions. In the evening a large number listened to the special jubilee programme relayed from England.

FIVE hundred copies of *Signs and Tekens* are being distributed in Somerset West and

the Strand by the students in the college department each week. In addition several hundred copies are mailed all over the Union by the same group.

Situation Wanted

A YOUNG brother, 24 years of age, wants a situation in an office, a store, or on a poultry or dairy farm. He has five years' experience of general office work and completed a Book-keeping course at Helderberg in 1933. If free board and lodging are offered, he will be satisfied with a small salary. Apply, The OUTLOOK, P. O. Box 6, Claremont, Cape.

Wanted

A YOUNG man with a knowledge of Poultry Farming and the growing of green foods for fowls. Must be honest, trustworthy and willing to work. Write P. B., c/o OUTLOOK, Box, 6, Claremont, Cape, stating age, experience and whether married or single.

Betrekking Vakant

ONS het 'n betrekking vir 'n jong man met kennis van pluimveeboerdery en saaiery vir hoenders. Moet eerlik en vertroubaar wees en gewillig om te werk. Skrywe aan P.B., p/a OUTLOOK, Bus 6, Claremont, Kaap, en meld ouderdom, ondervinding en of u gehuud of ongehuud is.

Die Waarde van Tyd

(Vervolg van bladsy 3)

gevorm in gevalle waar ouers 'n valse konsepsie van jammerhartigheid het. „Ouers moet hulle kinders die waarde en regte gebruik van hul tyd voorhou. Leer hulle dat dit die moeite werd is om iets te doen wat God sal verheerlik en die mensdom tot seën strek. Selfs in hul prille jeug kan hulle sendingwerk vir God doen. Ouers kan geen groter sonde begaan as om hul kinders toe te laat om niks te doen te hê nie.”—„*Christ's Object Lessons*,” bls. 349.

„Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan affê die werke van die duisternis en die wapens van die lig aangord.” Die Christelike kerk, en elke Christen moet helder wakker wees en die tydsomstandighede weet, want,

„Die werk wat eue moes volbreng
Is opgehoop vir 'd elfde uur.”

„Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit omdat die dae boos is.” „Die waarde van tyd is onberekenbaar. Christus het elke oomblik as kostelik beskou, en so moet ons dit ook beskou. . . . Maar tyd wat ons verkwis het, kom nooit weer terug nie. Ons kan nie eers een oomblik terugroep nie. Al manier waarop ons tyd

kan uitkoop is om die beste gebruik te maak van wat oorbly, deur medewerkers met God te wees in Sy groot reddingsplan.”—„*Christ's Object Lessons*,” bls. 346.

Uitgewers Dept.

F. E. Potter, Sekretaris

'n Brief uit Amerika

I. B. BURTON

IN 'n brief uit die Verenigde State wat met vandag se pos gekom het, skryf een van ons susters van 'n voorval wat ek soveel geniet het, dat ek dit hier wil meedeel.

Sy skrywe: „Dit sal jou interesseer om te verneem dat ons hier 'n suster het wat 'n paar jaar gelede van Johannesburg af gekom het, 'n liewe mens van wie ons baie hou. Hoe sy 'n lid van ons kerk geword het is baie interessant. In Johannesburg het een van ons kolporteurs haar eendag 'n eksemplaar van *Present Truth* gegee. Destyds was sy 'n onderwyseres. Die waarheid in die blad bevat, het 'n diepe indruk op haar gemaak en sy het dit in haar hart bewaar totdat sy na hierdie land gekom het.

Sy het 'n suster in Engeland gehad en met die hoop om haar te gaan besoek het sy genoeg geld gespaar vir die reis. Sy het 'n vriendin oorgehaal om haar te vergesel. Op weg terug na Afrika het hulle deur Frankryk gegaan. In Parys het sy 'n Amerikaanse sakeman ontmoet. Hulle het bevriend geraak en sy is met hom getroud en het hier in Albany kom woon. 'n Tydjie later het iemand haar weer 'n eksemplaar van *Present Truth* gebring. Sy het die gewer uitgevra en uitgevind dat van onse vooraanstaande manne dienste in die kerk hou. Aand na aand het sy gekom en toe sy alles gehoor het, het sy die waarheid aangeneem en is gedoop. En nou is sy een van die getrouste lede van ons kerk hier in Albany, N. Y.”

Broeders en susters, wie kan die waardevasstel van ons kolporteurwerk? Wie kan sê wat die beloning sal wees van die getroue manne en vroue wat dag na dag die bladsye vol waarheid versprei. Soms gaan dit baie swaar hier en ons kry geen aanmoediging nie, maar eendag as daardie heerlik tyd aanbreek, voel ek dat die getroue kolporteur dikwels mense sal ontmoet langs die goue strate van die stad van God wat sal sê, „Prys die Here, broeder, ek is vandag hier omdat u die boodskap van die lewe tot my gebring het. Ek het dit gevind in die boek wat u aan my verkoop het.” Ek wonder, broeders en susters, of u dan nie uit die diepte van u hart sal sê nie, „Ek dank die Here vir die aandeel wat Hy my in die kolporteurwerk gegee het?”